

Titel: Is daar nie 'n saak nie?
Pastoor: Lucille May
Datum: 7 September 2008
Tyd: 19h15



1. **Saul se mislukking: verkeerde besluite**

a) **Voorbarigheid**

I Samuel 13:11-12

¹¹ Samuel vra hom toe: “Wat het jy aangevang?” En Saul het gesê: “Ek het gesien die manskappe loop van my af weg, en u het nie opgedaag op die tyd wat ons afgespreek het nie. Die Filistyne het bymekaar gekom by Mikmas, ¹² en toe dink ek: die Filistyne sal nou-nou teen my afkom na Gilgal toe en ek het nog nie aan die Here 'n offer gebring nie. Toe het ek myself gedwing om self die brandoffer te bring.”

b) **Lomp, emosionele besluit**

I Samuel 14:24, 27,43-45

²⁴ Saul het die manskappe besweer en gesê: Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek. Daarom het al die manskappe aan niks geproe nie.

²⁷ Maar Jónatan het nie gehoor toe sy vader die manskappe besweer het nie en het die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek en dit in 'n heuningkoek gedoop en sy hand aan sy mond gebring, en sy oë het helder geword.

⁴³ Daarop vra Saul vir Jónatan: Gee my tog te kenne wat jy gedoen het. En Jónatan het hom te kenne gegee en gesê: Ek het net 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was; hier is ek, ek sal sterwe. ⁴⁴ Toe sê Saul: Mag God aan my so doen en so daaraan toedoen, jy moet sekerlik sterwe, Jónatan! ⁴⁵ Maar die manskappe het aan Saul gesê: Moet Jónatan sterwe wat hierdie groot verlossing in Israel bewerk het? Volstrek nie! So waar as die HERE leef, geen haar van sy hoof sal op die aarde val nie! Want met God het hy dit vandag gedoen. So het die volk dan Jónatan losgekoopt, dat hy nie gesterf het nie.

c) **Gedeeltelike gehoorsaamheid**

I Samuel 15:24

²⁴ Toe sê Saul vir Samuel: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van die HERE en u woorde oortree het, want ek was bang vir die manskappe en het na hulle geluister.

d) **Selfverheerliking**

I Samuel 15:12

¹² Maar die môre vroeg het Samuel hom klaargemaak om Saul te ontmoet. En aan Samuel is meegedeel en gesê: Saul het in Karmel aangekom, en kyk, hy het vir hom 'n monument tot sy eer opgerig.

2. **Dawid se sukses:**

I Samuel 17:29b (nuwe vertaling), 46

²⁹ Is dit dan nie 'n belangrike saak nie?

⁴⁶ Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het.

3. **Wie is ek?**

Saul: koning van Israel

Dawid: verteenwoordiger van die God van Israel

4. **My doel?**

Saul: 'n monument sodat *mense* hom kan onthou

Dawid: die kennis van God aan alle nasies.

5. **Resultaat:**

Saul:

I Samuel 14:52a

⁵² Gedurende die hele bewind van Saul was daar gedurig oorlog teen die Filistyne.

I Samuel 16:14

¹⁴ Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees (distressing spirit), deur die HERE gestuur, het hom voortdurend ontstel.

Dawid:

I Samuel 17:49

⁴⁹ en Dawid steek sy hand in die tas en neem 'n klip daaruit en slinger, en hy tref die Filistyn in sy voorhoof, sodat die klip in sy voorhoof indring en hy op sy gesig teen die grond val.

Psalm 91:2-4a

² Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. ³ Want Hy is dit wat jou sal bevry uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. ⁴ Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil;

Psalm 91:14b-15

¹⁴ ...Ek sal hom beskerm (I will set him on high), omdat hy my Naam ken. ¹⁵ Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.